



VAK EN GRAAD	Afrikaans Eerste Addisionele Taal Graad 10
KW 2	Week 6
ONDERWERP	Taalstrukture: Die werkwoord
BRON	Jou taalhandboek
DOEL VAN LES	Die onderrig van werkwoorde
INLEIDING	<p>Werkwoorde dui gewoonlik een of ander aksie of proses aan.</p> <p>Hoe kan jy toets of 'n woord wel 'n werkwoord is? Deur die volgende vrae te stel:</p> <ol style="list-style-type: none">1. Kan jy hy of sy voor die woord gebruik (m.a.w. kan iemand dit doen/uitvoer)? Neem byvoorbeeld die woord hoed. Gestel ek vorm die volgende sin: Hy hoed. So 'n sin het geen betekenis nie, want 'n mens kan nie hoed as 'n handeling doen nie. As ek die woord sy voor woorde soos eet, slaap en speel gebruik, het sulke sinne wel betekenis: Sy eet. Sy slaap. Sy speel. Daarom kan jy sê dat woorde eet, slaap en speel in hierdie sinne as werkwoorde gebruik word.2. Het die woord 'n verledetydsvorm (<i>past tense</i>)? Kom ons neem weer die woorde eet, slaap en speel. 'n Mens kan die volgende sinne vorm: Sy het geëet. Sy het geslaap. Sy het gespeel. Hierdie sinne is in die verlede tyd. Daarom kan ons sê dat eet, slaap en speel in hierdie sinne as werkwoorde gebruik word.
INHOUD (KONSEPTE EN VAARDIGHEDE)	<p>Soorte werkwoorde:</p> <ol style="list-style-type: none">1. Selfstandige werkwoord/hoofwerkwoord = kan alleen in 'n sin gebruik word .<ul style="list-style-type: none">• Oorganklike werkwoord = met 'n voorwerp in die sin (Hy eet pap; Sy kweek groente)• Onoorganklike werkwoord = sonder 'n voorwerp in die sin (Hy eet lekker; Sy stap graag)• Deeltjiewerkwoorde = werkwoorde wat uit twee dele bestaan (Hy eet sy pap op – Hy sal sy pap opeet.)

	<p>2. Koppelwerkwoord = koppel die onderwerp met 'n selfstandige naamwoord of 'n byvoeglike naamwoord. (<i>Hy word 'n onderwyser (s.nw); Sy is skatryk (b.nw).</i>)</p> <p>Jy kan die volgende lysie kopplwerkwoorde leer: is, lyk, skyn, blyk.</p> <p>Kyk nou hoe hierdie kopplewerkwoorde in sinne gebruik word:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sy is 'n model. • Die som lyk moeilik. • Dit skyn waar te wees. (<i>It seems to be true.</i>) • Dit blyk dat almal gesond is. <p>3. Hulpwerkwoorde = word so genoem omdat hulle saam met die selfstandige werkwoord / hoofwerkwoord optree en dus 'n hulpfunksie moet verrig.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hulpwerkwoord van tyd = het (<i>verlede tyd</i>) – Hy <u>het</u> sy pap geëet. sal (<i>toekomende tyd</i>) – Hy <u>sal</u> eet. • Hulpwerkwoord van vorm (die lydende vorm) = is en word. <i>Die kos word geëet. Die kos is geëet.</i> <p>ONTHOU: In Afrikaans moet jy altyd die werkwoord is gebruik as die sin in die lydende vorm (<i>passive voice</i>) geskryf word. Al is daar ook meer as een persoon betrokke, moet jy nog steeds die werkwoord is gebruik. Kyk na die volgende sinne:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die motor is deur die man bestuur. • Appels is deur vyf seuns verkoop. • Hulpwerkwoord van wyse (dui 'n moontlikheid aan): <i>kan; mag; moet; sal; wil; laat; gaan</i> (Hy moet sy pap eet; Sy wil graag groente kweek; Ek mag so sê).
AKTIWITEITE/ ASSESSERING	<p>Beantwoord die onderstaande vrae oor hulpwerkwoorde in jou werkboek. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy na die memorandum kyk.</p> <p>Aktiwiteit 1 Hulpwerkwoord van tyd</p> <p>Voltooi die onderstaande sinne met 'n hulpwerkwoord van tyd:</p> <p>1.1 Hy ... geloer.</p> <p>1.2 Sy ... skryf.</p> <p>Aktiwiteit 2</p>

	<p>Hulpwerkwoord van vorm</p> <p>Voltooi die sin met 'n hulpwerkwoord van vorm :</p> <p>2.1 Die skool ... gevef.</p> <p>2.2 Die huis ... deur weerlig getref.</p> <p>2.3 Ek ... deur haar uitgenooi.</p> <p>2.4 Die seun ... deur die dokter ingespuut.</p> <p>Aktiwiteit 3</p> <p>Hulpwerkwoord van wyse</p> <p>Voltooi die sin met 'n hulpwerkwoord van wyse. Die eerste letter van die antwoord word gegee:</p> <p>3.1. Ek s.. nie toegee nie.</p> <p>3.2. Sy s.. hom gister help.</p> <p>3.3. Ek k.. dit doen.</p> <p>3.4. Verlede jaar k.. ek nie die werk verstaan nie.</p> <p>3.5. Ek w.. 'n nuwe motor koop.</p> <p>3.6. Sy w.. nie gister eet nie.</p> <p>3.7. Jy m... jou huiswerk doen.</p> <p>3.8. Jy m... verlede Saterdag die motor was.</p> <p>3.9. Jy m.. die hoof nou spreek.</p>
<p>Memorandum van assesseringsaktiwiteit</p>	<p>Aktiwiteit 1</p> <p>1.1 het</p> <p>1.2 sal</p> <p>Aktiwiteit 2</p> <p>2.1. word/ is</p> <p>2.2. word/ is</p> <p>2.3. word/ is</p> <p>2.4. word/ is</p> <p>Aktiwiteit 3</p> <p>3.</p> <p>3.1. sal</p> <p>3.2. sou</p> <p>3.3. kan</p> <p>3.4. kon</p> <p>3.5. wil</p> <p>3.6. wou</p> <p>3.7. moet</p> <p>3.8. moes</p> <p>3.9. mag</p>
<p>Waardes</p>	<p>Toewyding en akkurate werk</p>